Saam boer ons vooruit
Together, cultivating success
www.laeveld.co.za

Petrhi van der Linde

Area: Middelburg

T: 082 808 2675 / E: petrhi@laeveld.co.za

Gewasse: Graan, soja
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Petrhi is in Bloemfontein gebore, maar hy het in Middelburg grootgeword en by Hoërskool Middelburg skoolgegaan, waar hy hoofseun was en gekies is vir die Cravenweek rugbyspan. Hy het ook Suid-Afrikaanse kleure in amateur-stoei behaal.

Hy en sy vrou, Gersanda, het twee kinders, 'n tienjarige dogter, Suzaan, en 'n vierjarige seun, Theron. Petrhi se pa, Thinus, was vir hom 'n groot inspirasie en mentor. Sedert hy kan onthou, was sy pa suksesvol betrokke in die land-boukringe en dit is vandaar waar sy belangstelling in die landboubedryf ontwikkel het. Dit is tot vandag nog vir hom lekker om deel van die landboukringe te wees.

Na skool het Petrhi 'n Hoër Onderwysdiploma voltooi, met Wiskunde en Natuur-en-Skeikunde as hoofvakke. Sy belangstelling in die landboubedryf het egter gegroei, en dit het mettertyd die oorhand gekry. In 1998 het hy sy BASOS- en CropLife-kwalifikasie (AVCASA), verwerf.

Petrhi is al vanaf 1998 betrokke by presisieboerdery in die Hoëveld-omgewing, waar hy 'n daadwerklike verskil in oesopbrengste maak met sy kennis en toewyding. Dit is juis hier waar Laeveld Agrochem goed inskakel by sy passie vir hoër opbrengste.

Vir die laaste 23 jaar is hy betrokke by voedingsprogramme vir grond en plante, en sy bydrae het die laaste klompie jare vir uitskieter-opbrengste gesorg by boere wat sy raad en programme gevolg het.

Hy het baie ondervinding en kennis van die algemene land-boupraktyke en die meeste landbougewasse, maar fokus veral op mielies, soja, kleinwitbone en suikerbone. Hy werk die laaste paar jaar ook met permanente gewasse soos bloubessies.

Boonop is hy 'n professionele skubaduiker en 'n gekwalifi-seerde duikmeester. Tyd saam met sy gesin is vir hom van onskatbare waarde, en hulle geniet graag die buitelewe as gesin saam. Hulle ontspan gereeld in die Bosveld, en hy is altyd reg om te braai of om saam met sy kinders te gaan jag. Hy glo in opregte vriendskap en sy vriende is vir hom baie belangrik.

Petrhi leef sy passie uit deur hom toe te spits op navorsing en om hulp aan boere in die Hoëveld te verleen met hul landbougewasse. Hy is 'n voorstaander van grondgesond-heid deur grondvoeding en glo dat gesonde grond gesonde plante lewer, met 'n definitiewe verbetering in oesopbreng-ste. Met behulp van grondklassifikasie, grondchemie en stroperdata, gebruik hy die bepaalde waardes om boere te help om winsgewend te boer.

Verder glo hy dat opbrengste noemenswaardig kan verhoog met behulp van die regte voeding, asook met die hulp van Laeveld Agrochem se gesoute spanne en die ondersteuning van Agri Technovation se dienste en produkte.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.